

Hoofstuk van die dag: Filippense 4

Die Here is naby. (vers 5)

Paulus omraam sy riglyne vir ’n Christelike lewe met die versekering dat God by ons is (vers 5 & 9). Ons weet dit. Maar dis nie noodwendig ons ervaring nie. Daarvoor is nodig dat jy

jou doelbewus moet instel op sy teenwoordigheid (vgl Ps 16:8 in die 2020-vertaling: “Ek _hou_ die HERE altyd voor oë”).
Die feit dat ons met Hom kan praat en ons sorge voor Hom kan bring (vs 6) help dat ons ’n ervaring van sy nabyheid kan hê. Maar gebed is meer as net jou sorge op die Here laai. Dit gaan ook daarom dat jy in God se teenwoordigheid met sý agenda besig raak; dat jy droom oor hoe jy jou deel kan doen om God se koninkryk te laat kom.
Paulus laat iets hiervan deurskemer in vers 8. Christus het gekom dat ons die lewe kan hê en dit in oorvloed. As sy koninkryk kom, word die oorvloed wat God wil gee, ’n werklikheid. Dus bid ons nie net dat God hier moet keer en daar moet bewaar nie, maar dat iets van die heerlike majesteit van sy Godsryk sigbaar sal word, ook deur ons eie lewe en optrede!

Naskrif: Môre begin ons (DV) met die boek Joël.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026